LAERSKOOL TUINE

Uniek… Altyd vorentoe!

Trots, waardig, doelgerig – Oë op Christus gerig!

OUEROMSENDBRIEF NR. 22 van 2019

Geagte ouers, leerders en vriende van Laerskool Tuine

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Die werksafbakkening is uit die week, maak asseblief seker dat u dit ontvang het. Hierdie is 'n baie besige kwartaal met al die aktiwiteite wat plaasvind. Baie sterkte. Sorg asseblief dat u die datums aanteken.

Die leerders oefen volstoom aan die komende Liedjiefees. Ons sê voorlopig dankie vir al die insette.

Ons herinner u vriendelik om afsprake buite skoolure te maak vir u kind, sodat akademiese tyd nie verlore gaan nie. Baie dankie vir u samewerking. Ons waardeer dit opreg.

2. WISKUNDE LOK:

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

Gr.6 Wiskunde LOK skuif na **Donderdae vanaf 13:45 tot 14:30**.

14 Augustus 2019 – Geen Wiskunde LOK vir Gr.4-6.

3. KRIEKET:

Krieketwedstryde teen Laerskool Elarduspark al die spanne:

23 Julie 2019 Dinsdag

0/12A Weg
0/13A Tuis

24 Julie 2019 Woensdag

0/9A Tuis
0/8A Weg

22 Julie 2019 Maandag

0/10A Tuis
0/11A Weg

KRIEKETOEFENTYE:

0/8	Dinsdae en Donderdae	vanaf 13:45 – 15:00
0/9	Maandae en Woensdae	vanaf 13:45 – 15:00
0/10	Maandae	vanaf 14:30 – 15:30
	Dinsdae	vanaf 13:45 – 15:15
0/11	Dinsdae en Donderdae	vanaf 14:00 – 15:30
0/12	Dinsdae en Donderdae	vanaf 14:00 – 15:30
0/13	Maandae	vanaf 15:00 – 16:00
	Dinsdae	vanaf 14:00 – 15:30

4. JUKSKEI:

Jukskeidatums is as volg:

27 Julie	Ontwikkelingskliniek
3 Augustus	Driespel
17 Augustus	Liga
24 Augustus	Liga
31 Augustus	Liga
14 September	Noord Vaal

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082
Posbus 48007, Hercules, 0030 Tel (012) 379-4406 Faks (012) 379-1949 032-011-NPO
Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com

5. MINIKRIEKET:

Die oefentye vir minikrieket is as volg:
Dinsdae en Donderdae vanaf 18:00 tot 19:00 op die rugbyveld.
Daar is reeds 'n program beskikbaar.

6. NAVRAE/KLAGTES:

Ons herinner u net weer aan die prosedure van 'n navraag/klagte:

U kontak eers die vakonderwyser/es vir 'n afspraak. Indien u nie tevrede is met die uitkoms van die gesprek nie, maak u weer 'n afspraak, maar dan sit die Departementshoofde in by die gesprek saam met die onderwyser/es. As daar nog steeds nie tevredenheid is nie, word die saak aangemeld by die hoof. Ons versoek u vriendelik om nie die hoof direk te skakel met probleme nie, ons werk volgens 'n sisteem.
As u probleem nie betrekking het op 'n onderwyser nie, kontak u die departementshoofde vir 'n afspraak.

7. SAGTEBAL:

Dogters:

0/11 tot 0/13	18 Julie 2019	Tuis VS Magalieskruin
0/10, 0/12 & 0/13	23 Julie 2019	Tuis VS Theresapark
Almal	25 Julie 2019	Tuis VS Hermanstad
Almal	1 Augustus 2019	Weg VS Simon Bekker
Almal	6 Augustus 2019	Loslootjie
Almal	15 Augustus 2019	Weg VS VE
0/13	20 Augustus 2019	Tuis VS Motheong
Almal	22 Augustus 2019	Weg VS Brits
Almal	29 Augustus 2019	Tuis VS Tuinrand

DISTRIKSPROEWE:

26 Augustus 2019 – Rondte 1
27 Augustus 2019 – Rondte 2
28 Augustus 2019 – Rondte 3
5 September 2019 – Tshwane Uitspeelwedstryde
10 September 2019 – Tshwane Kwarteindwedstryde
12 September 2019 – Tshwane Semi-Finaal

8. HOKKIE:

Hokkieoefeninge is as volg:
Maandae 15:30 – 16:30
Woensdae 14:00 – 15:00

9.

NUWE TRADISIE – JAARBOEK

'N JAARBOEK IS BESKIKBAAR TEEN **R200**. Dit gaan uit **100** tot **116** blaaie, propvol herinneringe bestaan.

U kan eenmalig betaal of afbetaal by u kind se voogonderwyser/es **TOT EN MET 31 JULIE.** Groot asseblief geen elektroniese betalings.

Bestel en betaal by voogonderwysers.

Die leerders sal dit Woensdag 4 Desember saam met die laaste rapport van 2019 ontvang.

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082
Posbus 48007, Hercules, 0030 Tel (012) 379-4406 Faks (012) 379-1949 032-011-NPO
Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com

10. LIEDJIEFEES - KONSERT:

Die liedjiefees vind plaas vanaf **9 September – 12 September 2019.**
Kaartjies is reeds by die finansieskantoor beskikbaar. Kostes beloop **R50** per sitplek. **GEEN KAARTJIES SAL OMGERUIL WORD NIE. GEEN KAARTJIES SAL TERUG GENEEM WORD NIE. U KAN NIE MET EFT BETAAL NIE. BRING ASSEBLIEF DIE KORREKTE BEDRAG.** U samewerking word opreg waardeer.
Kinders onder 3 gratis, indien die kind op 'n ouer se skoot kan sit. **Konsertklere per kind is R150 betaalbaar voor 15 Augustus 2019. Ons kan ongelukkig nie die klere aankoop as alle gelde nie betaal is nie.**

11. FINANSIES:

GEEN KONTANTGELDE sal ongelukkig na **10:30** in ontvangs geneem kan word by die finansieskantoor nie. Kleingeld is vir ons 'n probleem, sorg dus dat u asseblief die korrekte kleingeld saam bring. Kaarttransaksies kan wel plaasvind. U samewerking sal opreg waardeer word.
OUERS GEBRUIK ASSEBLIEF U FAMILIEKODE AS VERWYSING.

12. HENGELKOMPETISIE:

Baie geluk aan Mnr. Pieter Potgieter wat die algehele wenner was tydens die hengelkompetisie.

13. LAATKOMMERS:

As u kind laat is op Maandae dan moet hulle in die voorportaal van die saal gaan sit. Ons as bestuur doen 'n beroep op u om te sorg dat u, u kind betyds by die skool sal aflaai. Elke leerder wat laat kom se ouers moet by die voorportaal aanteken dat hy/sy laat is. Die skoolbestuur moet dit dan opvolg. Dit word deur die Departement vereis dat daar 'n gesprek gevoer word met die ouers. Dit neem baie tyd in beslag.

14. TROFEES:

Alle trofees moet ingehandig word by juffrou Wilma. Indien 'n trofee nie teruggeteken word nie of die trofee is weg of beskadig, bly u kind verantwoordelik daarvoor! U is dan verantwoordelik om die trofee te vervang.

15. KLEREBANK:

Daar is ongelooflik baie klere wat rondlê in die skool. Die klere word na 'n ruk gewas en in die klerebank gestoor. Indien daar behoeftige leerders is wat klere benodig moet u nie huiwer om met Me Suné Dreyer in verbinding te tree nie. Kontak haar gerus gedurende skoolure. Ons vra slegs 'n donasie om te kan betaal vir die was van die klere. Die donasie kan anoniem plaasvind deur slegs 'n koevert te neem by die Finansiële kantoor en dit dan in die bruin posbus te gooi. Skryf asseblief net "Donasie Klerebank" op die koevert.

16. LANDLOOP:

Die volgende ligas word gedurende die Skolelandloop in die derde kwartaal gehou. Leerders moet by Juffrou René kom registreer. Geen koste is verbonde aan registrasie nie.
Liga 2 - 19 Julie = Boerefort
Liga 3 - 26 Julie = Vissershoek
Liga 4 - 2 Augustus = Queenswood

OEFENTYE
Maandae – 14:15 TOT 15:00
Dinsdae – 14:15 TOT 15:00
Woensdae – 14:15 TOT 15:00
Kontak Juffrou **Renè du Plessis** vir enige navrae: **082 489 0629**

17. ANGELPROJEK:

Ons projek is volstoom aan die gang. Enige donasies kan in die skoolrekening inbetaal word. Verwys net duidelik dat dit vir die Angelprojek is. Die fondse word aangewend vir ons behoeftige leerders waar nodig - van 'n haarsny tot 'n bydrae vir toergelde en ook die aankoop van skoolklere.

18. SPREEKKOOR/EKSPERIMENTELE DRAMAGROEP OEFENING:

Gr. 1 tot 2 - Elke Maandag vanaf **13:00 – 13:45**
Gr. 3 & 4 - Elke Maandag vanaf **13:45 – 14:30**
Gr. 5 tot 7 - Elke Vrydag oggend om **07:00 – 07:45**. Slegs **Gr.5 tot 7** oefen in juffrou Wilma se klas ons vra dat leerders om **6:50** reeds by die skool sal wees.

19. RADIKALE REDENAARS:

Baie geluk aan **Mieke Smit Gr.5** wat deur gedring het na **Radikale Redenaars vir Noord Gauteng Finaal**. Ons is baie trots op jou.

20. NASKOOL:

Die naskool kan ongelukkig nie verantwoordelikheid aanvaar vir 'n kind wat nie kom aanmeld nie. Die naskool weet dan nie wie daar is op die betrokke dag vir toesig nie. **Daarom is dit belangrik dat kinders kom aanmeld.** Kinders moet ook asseblief uitgeteken word deur die persoon wat hulle kom haal. Baie mense maak hulle hieraan skuldig om net 'n kind te neem sonder om hom/haar uit te teken. Dieselfde reëls geld vir sportdae. Ons kan net verantwoordelikheid aanvaar vir kinders wat opdaag voor en na die wedstryde. Ouers moet die naskool per whatsapp, sms of oproep laat weet dat die leerder nie naskool toe kom nie.

21. KLEREDRAG:

Kinders maak hulleself skuldig aan verkeerde skooldrag. Indien 'n leerder 'n derde keer aangespreek word oor verkeerde Vrydagdrag- of gewone klere reëls, word hy/sy die voorreg ontneem om Vrydagdrag of gewone klere aan te trek. Dit sluit kleredrag, tekkies of skoene in.

SKOOLDRAG:

Geen komberse (buiten die groen een wat die skool verkoop) word toegelaat nie. Kinders trek skoolskoene saam met die sweetpak of grysbroeke aan, en nie tekkies nie! Geen wit of groen sykouse word toegelaat nie. Asseblief ouers/voogde, kom ons werk saam om trots te kweek in ons skool.

22. WAGHOK:

Die waghok leerders kom na skool by die voorkant van die saal op die sementvierkant bymekaar tot verdere kennisgewing**.** Daar is nog steeds leerders wat laat by die hekkie in Louisestraat afgehaal word. Die leerders mag nie daar wag nie! Tref asseblief reëlings dat u kind by die saal afgehaal word.

23. "SNAPIT" SKOOL EN SPORT WINKEL:

U kan nou "Snapit" telefonies kontak.

TYE:

Maandae	07:00 tot 15:00	Dinsdae	10:00 tot 17:00
Woensdae	07:00 tot 15:00	Donderdae	10:00 tot 17:00
Vrydae	07:00 tot 15:00		

1ste en laaste Saterdag van die maand 08:00 tot 10:00.

Skakel die skool by (012) 379-4406/7 en ons skakel u deur.

Kontak persoon: Corné Wiechers - 082 334 0265

_____

MNR. PJ SNYMAN
HOOF